ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

Maart 2024 (86)

# WAT BETEKEN PAASFEES VIR MY?

Paasfees is moontlik dié belangrikste gebeurtenis op die Christelike kalender. God se offer van sy Seun om in ons plek te sterf, het die lewe vir ons almal oopgesluit.

Die sonde-offer moes op 'n baie spesifieke manier hanteer word: eerstens moes bloed vloei-lewe is in die bloed en mense moes sien sonde bring wonde en verwoesting. Tweedens moes die sonde-offer sonder gebrek wees (Lev 4-6). Die sonde-offer wat gebring moes word, was 'n langdurige, wrede offer wat met marteling te doen gehad het, want hierdie Man het stadig gesterf, sy bloed het gevloei en geen been in sy liggaam was gebreek nie. Presies volgens God se voorskrifte vir die offer van sonde. Kruisiging was die manier van sterf wat God gekies het, sodat Jesus verhoog kon word.

Jesus het egter nie net gesterf nie, maar ook uit die dode opgestaan sodat ek met die duisternis en sonde kan klaarmaak, en ook in 'n nuwe lewe in Jesus kan opstaan.

Daar is twee dinge wat beklemtoon moet word, en dit is:
-Eerstens, vir sommige mense , is Paasfees net 'n gewone feestyd, dis vakansie, dis langnaweek, dis lekker, ons hou fees. Dit het niks met Jesus te doen of die lewe wat God gee nie.
-Tweedens, die mense wat Jesus se liefde al ervaar het, weet hoe kosbaar hierdie tyd is en dit sal vir hulle heeltemal 'n ander betekenis en belewenis hệ.

Om Jesus se reiniging in 'n mens se lewe te ervaar, is om te voel hoe hy daardie groot klippe van jou afhaal,dis die beste pleister wat daar is.
(Pleisters vir die siel: Riekert Botha)

## ELDOGROEP (sien Febr NB)

Die Eldogroep is 'n gratis en vrywillige gespreksgroep op WhatsApp. Dit is gestig in Junie 2017 deur inwoners en is 'n **tweerigting** kommunikasie.Inwoners kan boodskappe plaas en ander inwoners kan daarop reageer.Dit dien as 'n voordeel of hulp vir die lede- meestal inwoners van Eldoraigne Aftree Landgoed. Dit is daar vir ons!
Die **doel** is om inligting te versprei waarby die lede 'n belang het en sluit in kennisgewings oor bv. water-en kragonderbrekings; iemand wat iets wil adverteer vir verkope/of weggee bv. koekies, gras wat uitgehaal is, plantjies, klere, rolstoel, woonstel te huur of te koop ens. 'n Foto van die spesifieke item is belangrik en daarom welkom.
Die hele **idee** is om ons lede van diens te wees en nie te irriteer nie. Daarom geen sinnelose boodskappies of videos nie, of boodskappe te vroeg of te laat stuur nie.
**DIT IS NIE 'n SOSIALE KUIER/KLETSGROEP NIE** en hoofsaaklik bedoel vir geskrewe teks-los die "voice chats" maar liewers uit!

(Eddie Otte-Administrateur) (3034)

## ELDORAIGNE WHATSAPP GROEP

Hierdie is 'n amptelike WhatsApp groep gestig deur die HEV in 2024 en is slegs bedoel vir **eenrigting** kommunikasie, maw inwoners kan nie op hierdie WhatsApp boodskappe reageer nie. Slegs boodskappe van algemene landgoedbelang word uitgestuur en slegs die administrateur kan boodskappe plaas.

Alle boodskappe aan inwoners sal voortaan per WhatsApp gestuur word. Die 10 inwoners wat nie oor die gerief van WhatsApp beskik nie, sal nog steed SMSe ontvang. Die voordeel van inligting uitstuur aan inwoners per WhatsApp, is dat die HEV, en dus uself, daardeur ekstra koste bespaar, aangesien die data(vaste bedrag) van die wi-fi in die kantoor daarvoor gebruik word.

In future all messages to residents will be sent via WhatsApp. The 10 residents who cannot receive WhatsApp messages, will still receive SMSs (Administrateur: kantoor/ontvangs)

## WAT AS EK NIE MEER SELF KAN NIE?

Goeie boedelbeplanning gaan oor meer as net geld. Sệ nou jy het finansieel goed voorsiening gemaak vir jou aftrede; jy het geen skuld nie en jy het ‘n blyplek van jou eie.

**MAAR**…wat as jy self nie meer kan nie-as demensie of Alzheimer’s jou gegryp het, of ‘n beroerte, of Parkinsons, of Veelvoudige sklerose (MS)? Is jou geldplan dan nog ideaal vir hierdie nuwe omstandighede? Indien jy ‘n geestessiekte opdoen wat veroorsaak dat jy nie meer bevoeg is om na jou eie sake om te sien nie, moet iemand anders daarvoor instaan.

1**.VOLMAG**:

Om volmag aan ‘n kind te gee is baie gewild, maar dit is net van krag solank as wat jy in staat is daartoe om die volmag terug te trek. As jy geestelik onbevoeg is weens demensie/Alzheimer’s, kan jy nie en moet ‘n **KURATOR** aangestel word om na jou belange om te sien.

2**.SPESIALE TRUST**: Die wet onderskei tussen 2 tipes spesiale trusts. Die **eerste trust** word geskep tot voordeel van ‘n persoon wat aan ‘n geestessiekte ly, soos omskryf in die Wet op Geestesgesondheidsorg (wet 17 van 2002). Die vereiste is dat so ‘n persoon nie self sy/haar eie sake kan behartig nie.

Die **tweede trust** is ‘n testamentệre trust vir die uitsluitlike versorging van minderjarige naasbestaandes van die testateur.

3.**PENSIOEN**

Maandelikse pensioenfonds uitbetalings verhoog nie met inflasie nie en jy gaan dalk ‘n addisionele inkomste moet hệ vir jou versorging.

4.**LEWENDE ANNUïTEIT**:

‘n Lewensannuïteit bied ‘n gewaarborgde inkomste lewenslank, al is daar ‘n kurator wat na jou belange omsien.Jy weet dus die geld kom elke maand in vir jou versorging en onderhoud, selfs as jy dit nie meer kan hanteer nie, of as jy in ‘n versorgingsoord beland met ‘n kind wat van die kant af ‘n ogie oor jou versorging hou.

## LUIPERDMOT

Die luiperdmot (Zerenopsis leopardina), is ‘n mooi geel/oranje mot-soort, maar wat groot skade aan die blare van broodbome (Cycads) (inheemse en uitheemse broodboomspesies) en ook Cycas Revoluta (Japanese sagopalm) kan aanrig. Hulle sal nie ander plante aanval nie. Dit is ‘n inheemse plaag wat dikwels in die Oos-Kaapse veld voorkom, het na die Laeveld uitgebrei en is nou ook hier by ons woelig.

Die mot lệ sy eiers op die nuwe groei , die jong ruspers broei uit en val die blare aan. Hulle vreet die blare tot net die stingels oorbly. Die plant gaan nie dood nie en hulle verorber ook nie die hoofstam nie.Die ruspers is giftig en word deur die meeste voëls vermy. Beskadigde en gevrete blare herstel nie en nuwe loof kom eers gedurende die volgende groeisiklus uit

Die plaag is maklik om te beheer: Verwyder die eiers wat pas gelệ is met die hand en vryf stukkend; spuit die blare met karbapoeier (aangemaak) of met Sipermetrien. Inspekteer jou plante gereeld.

## CYCAS REVOLUTA

Hierdie Japannese sagopalm/varingpalm is van die Cycadaceae familie wat net een genus, Cycas het, kom wydverspreid voor vanaf Japan tot in Oos-Afrika en moet nie verwar word met die Cycads/Sikadeë/ broodbome van die Encephalartos familie wat wydverspreid in Suid-Afrika voorkom nie.

Met hul dik, stokkerige stamme en rosette van groot, stewige ornamentele blare lyk Revolutas soos palms, maar hulle is naaksadig en verwant aan die konifere of keëldraende plante. Dit groei stadig, tot 3m, is geskik vir kleiner tuine en kan in halfskadu groei. Die Landgoed het meer as 45 Revolutas aangeplant en dis ook in heelwat tuine te sien

Voorheen was slegs dopluise ‘n probleem wat suksesvol met Sipermetrien behandel was. Nou het dieselfde Luiperdmot wat broodbome bedreig, ook besluit om Revolutas aan te val. Vir behandeling, sien kassie bo.


‘n Gesonde Cycas Revoluta plant



Revolutablare wat deur wurms aangeval is. Herstel nooit



# DIE LUIPERDMOT SIKLUS




HUAWEI
HUAWEI POWER-M
Say Goodbye to Loadshedding
Silent & Sleek design
All-in-one and modular
For your house, apartment or villa
Seamless switchover
Easy capacity expansion and flexible budget
10 Year Warranty
1
2
3
Power module
Energy storage module 1
Energy storage module 2
Energy storage module 3
5 kW I 5 kWh
5 kW I 10 kWh
5 kW I 15 kWh
Without Solar Panels (Inverter & Battery Only) :
[redacted]
With 6 x Solar Panels:
[redacted]
Including VAT, Installation & Certificate of Compliance (COC)
MID-WALL SPLIT AIR CONS
21
Non-Inverter
9 000 BTU - From
12 000 BTU - From
18 000 BTU - From
24 000 BTU - From
Inverter
9 000 BTU - From
12 000 BTU - From
18 000 BTU - From
24 000 BTU - From
Alliance
Jet-Air
SAMSUNG
GREE
T&C's Apply
Installation from R1 950 per unit Incl VAT
Contact: ADEL SCHREIBER
082 559 8223
adel@hawkeyepos.co.za

# FOR SALE

## ELDORAIGNE RETIREMENT ESTATE









**3 Bedroom Townhouses** **2 Bedroom Home**








**2 Bedroom Townhouses**



Contact Agent for more details:
**MICHELLE WILKE**
Candidate Property Practitioner
FETC REAL ESTATE
Registered with the PPRA - 1244412
**076 648 3238**
**michellew@just.property**

JUST PROPERTY

## NUWE INTREKKERS

U word hartlik verwelkom deur die HEV hier by ons pragtige Landgoed. Alle riglyne en prosedures is vervat in die Leefstylgids. Daar is ook 'n 32-bladsye A5  boekie beskikbaar by blokleiers tov praktiese aangeleenthede wat nie in die huidige Leefstylgids is nie.

173 Giel van Antwerpen
1011 Dinah Mare
1106 Kobie le Roux
1131 Albert Kruger
1326 Dean en Charlotte Maartens
1102 Gert en Rosie Page (vanaf 1011

## STERFTES

Die HEV maak met leedwese die sterfte bekend van:

60 Pieter Nel (16 Januarie

Inwoners, wees dankbaar vir geleende tyd saam met u kinders en kleinkinders en ander familie.

Dink met dankbaarheid aan die herinneringe wat saam bymekaar gemaak is.

## INSPIRASIE: GOD VAN LIEFDE, GENADE

Dit is gevaarlik om Bybeltekste uit konteks aan te haal. Job 14:5 is 'n klassieke voorbeeld, waar Job sệ die Here het al sy lewensdae bepaal. Dit is nie 'n vroom geloofsbelydenis nie. Job beskuldig God van onregverdigheid. Hy sệ die Here gee bome en struike 'n tweede kans. Hulle kan weer uitloop (vers 7-8). Mense kry egter nie so 'n tweede kans nie, want hul lewe is blykbaar vooruit bepaal (vers 9-11).
Dit is verkeerd om Bybeltekste soos dié te gebruik om te probeer sệ God het al sy planne in sement gegiet. God is nie die gevangene van Sy planne nie. Hy is die God van liefde en genade. Daarom kon Hy koning Hiskia se sterfdatum in Jesaja 38 uitstel. Daarom kon Hy die mense van Nineve se lewe ná hul bekering in Jona 3 spaar. God se planne belyn genadiglik altyd met wie Hyself is.
(Stephan Joubert)

**DUCK OR EAGLE?** You decide.

I was at the airport when a taxi driver approached me. The first thing I noticed in the cab was a phrase, I soon read:
-Duck or Eagle? You decide.

The second thing I noticed was a clean, shiny cab, the driver well dressed, white shirt and well pressed pants, with a tie.

The taxi driver got out, opened the door for me and said:
"I am John, your chauffeur. While I am putting your luggage away, I'd like you to read on this card what my mission is."

On the card was written:

*John's Mission*

*-To get my clients to their destination quickly, safely and economically, while providing a friendly environment*.

I was impressed. The interior of the cab was equally clean.
John asked me: "Would you like some coffee?"
Joking with him I said:" No, I'd rather have a juice.
He immediately replied: "no problem. I have a thermos with regular juice and also diet juice, as well as water," he also told me. "If you wish to read, I have today's newspaper and also some magazines."

As the race began, John told me: "These are the radio stations I have and this is the repertoire they play." As if that wasn't enough, John even asked me if the temperature of the air conditioning was good. The he told me what was the best route to my destination and if I wanted to talk to him or preferred  not be interrupted.
I asked: "Do you always serve your customers like this?"

"No, he replied. Not always. Only in the last two years . My first few years as a taxi driver I spent most of my time complaining just like the other taxi drivers.

DUCK OR EAGLE? Page 2.

One day I listened to a doctor who was a specialist in personal development. He wrote a book called: WHO YOU ARE MAKES THE DIFFERENCE. He said: If you get up in the morning expecting to have a lousy day, you certainly will. DON'T BE A DUCK! BE AN EAGLE! Ducks just make noise and complain, eagles soar above the pack. I was all the time making noise and complaining.

So I decided to change my attitude and be an eagle. I looked at the other cabs and drivers. The dirty cabs, the unfriendly drivers and the dissatisfied customers. I decided to make some changes. Since my customers responded well, I made a few more changes.

In my first year as an eagle, I doubled my turnover. This year, I have already quadrupled it.

You are lucky you took my cab today, I am no longer at the cab stand. My customers book through my cell phone or send me a message. If I can't pick up, I get a trusted "Eagle" taxi driver friend to do the job.

John was different. He offered a limousine service in a regular cab. John, the taxi driver, decided to stop making noise and complaining like ducks do and started flying over the group like eagles do.

It doesn't matter whether you work in an office, with maintenance , a teacher, a civil servant, a politician, an executive, an employee, a freelancer, or a taxi driver.

**How do you behave?** Are you dedicated to making noise and complaining? Or are you elevating yourself above the others?

REMEMBER: The decision is yours!

That key only opens from the inside. AND YOU HAVE LESS AND LESS TIME TO CHANGE.

2022 will be nothing new if we don't have new attitudes.

May we be better fathers, better husbands, better wifes, better mothers, better children, better friends, better workers.

May we not repeat the mistakes of the past.

May we pray more, praise more, thank more!

May God Almighty give us the wisdom we need to be eagles, so that we can fly high and live in a better world of peace!

**LET'S BE EAGLES IN 2024**


Advanced Hearing
Lezahn Louw Audiology
Jean Ave, @Health medical centre, Centurion
Gehoortoetse
Gehoorapparate & GRATIS "trials"
Gehoorapparaat verstellings
Oor was verwydering & meer...
Alle mediese fondse
Alle gehoorapparaat make
Begroting vriendelike opsies
Kontak ons
0121117272 0842932855


Eldoraigne
Retirement Estate
Rentals & Sales
TO LET
1 bed Apartments
FROM R 7600 p/m
Stella Cloete
072 459 2230
FOR SALE
1 bed Apartments
FROM R 995 000
Ruan Erasmus
071 481 6199
CSi
Sales
Rentals
Property Management
Trustworthy Property Solutions